



3. Nasiebou

Aktiwiteit

Kyk na die volgende strokiesprentjies:




1. Is dit waar dat alle mense dieselfde is?
2. Wat beteken die woord rassisme?
3. Dink jy dit is 'n voordeel of 'n nadeel dat soveel verskillende bevolkingsgroepe in ons land woon?

Leerinhoud

Bevolkingsamestelling van Suid-Afrika

Die Afrikaners is nie die enigste bevolkingsgroep wat in Suid-Afrika woon nie. Saam met ons woon ook ander groepe soos die Zoeloës, Xhosas, Vendas, Indiërs, ens. Elkeen van hierdie groepe het 'n eie taal en doen sekere dinge wat hom van ander groepe onderskei. Ons regering erken elf verskillende landstale waarvan Afrikaans een is. In baie gevalle word na ons land as 'n reënboogland verwys.



Groepe beïnvloed mekaar

Omdat al hierdie groepe in een land saamwoon, beïnvloed die groepe mekaar onderling. Hoe meer hulle met mekaar te make kry, hoe groter is die invloed op mekaar. Veral waar mense in die stad woon, ver van hul eie mense af weg, sal hulle geneig wees om taal

Daar is verskillende rasse in ons samelewing, blank, swart, kleurling en Indiërs.

en gebruik aan te pas om beter met ander te kan kommunikeer en oor die weg te kom.

Ook ons word deur ander mense beïnvloed. Dink maar net aan die klere wat ons aantrek. Dit is beslis nie meer dieselfde as wat ons ouers aangetrek het toe hulle kinders was nie. Baie van ons trek aan soos die kinders wat ons op TV sien. Selfs al is Amerika duisende kilometers ver van Suid-Afrika, beïnvloed hulle ons tog geweldig baie deur die TV programme en video's wat

ons kyk. Net so beïnvloed die ander groepe in Suid-Afrika ons. Dink maar net aan die talle woorde wat Afrikaans uit Engels en van die swart tale oorgeneem het, soos "oké" en om iets te "abba".



Dit is belangrik om met persone van 'n ander kultuur goed oor die weg te kan kom.

Konflik tussen bevolkingsgroepe

Omdat elke groep eiesoortige gewoontes en gebruikte het, bestaan die gevaar dat verskillende bevolkingsgroepe nie van mekaar hou nie en met mekaar wil baklei, veral as een bevolkingsgroepe baas oor ander probeer speel. Daar is niks mee verkeerd om lief vir eie goeie gewoontes te wees nie. Nooit mag dit egter ten koste van ander mense of groepe wees nie. Regdeur die geskiedenis was daar al orals in die wêreld oorloë omdat sekere volke hul sienings op ander probeer afdruk. In Suid-Afrika sit ons met baie verskillende groepe wat die kans vir konflik groot maak. In die verlede was al heelwat konflik tussen die swart volke onderling, maar ook tussen die swart volke en die Afrikaners (Boere). Ons moet dus altyd versigtig, respekvol en verdraagsaam optree om nie konflik te ontlok nie.

Om konflik te vermy, is dit belangrik dat ons mekaar moet aanvaar met al ons verskille. Al doen ons nie alles op dieselfde wyse nie, moet ons respek hê vir mekaar se gewoontes en gebruikte. Om jou groep se taal en gewoontes op ander te probeer afdruk, is 'n resep vir konflik. Ons moet eerder poog om mekaar beter te leer ken en te verstaan. As ons mekaar ken, sal ons mekaar verstaan en respek vir die ander se eie karakter hê. So min as wat ons wil hê dat ander dit wat vir ons belangrik is (byvoorbeeld ons taal) moet afkraak, net so min moet ons dit wat eie is aan ander groepe afkraak.


Poging tot nasiebou

Van owerheidskant word baie moeite gedoen om al die mense van ons land tot een nasie saam te voeg. Tydens verskillende openbare vakansiedae soos "menseregtdag", "vryheidsdag" en "versoeningsdag", word fees-konserte gereël in 'n poging om mense van alle groeperings bymekaar te bring. Baie tyd, moeite en geld word bestee om 'n "reënboognasie", 'n nasie bestaande uit alle bevolkingsgroepe, tot stand te bring.

Ongelukkig is die regering se nasiebouprogram gerig op een nasie wat 'n multi-

religieuse en multi-kulturele karakter het. Hierdie eenheid vind hulle in aanvaarding en verdraagsaamheid vir mekaar se norme en waardes. Vir die Christengelowige is so 'n eenheid onaanvaarbaar.

Of al die mense wat in Suid-Afrika woon wel eendag een nasie met min of meer dieselfde taal en gewoontes sal word, is baie onwaarskynlik. Mense is verskillend. Dit is hoe God die mens geskep het. Met 'n Christelike ingesteldheid kan verskillende mense en groepe in vrede en harmonie met mekaar saamleef. Dan bedreig die een groep nie die ander nie, maar help die groepe mekaar eerder.



Politici verwys soms na Suid-Afrika as die reënboognasie.

Ons roeping

Die Here het dit so beskik dat verskillende volke aan die suidpunt van Afrika in een land saamwoon. As gelowiges moet ons so leef dat alle mense, ongeag hul bevolkingsgroep, kan sien dat ons die Here lief het en Hom wil dien. God se liefde wat Hy aan ons bewys het, moet vir die mense sigbaar word sodat hulle deur ons optrede God kan sien en Hom verheerlik (Matt. 5:16).

Met Christus se hemelvaart ontvang sy dissipels die opdrag om die evangelie aan alle nasies te gaan verkondig. Aan alle volke moet vertel word van Christus se sterwe aan die kruis en hoe Hy ons sondes op Hom geneem het. Hierdie blye boodskap vorm die kern van ons bestaan en moet orals en altyd aan alle mense verkondig word (1 Tim.2:4). Geen groep mag hiervan uitgesluit word nie.

As ons hierdie opdrag raaksien en uitleef, sal ons anders teenoor mense van ander bevolkingsgroepe optree. Dan sien ons hulle as godgeskape mense vir wie ons die blye boodskap moet vertel. Dan pas neerhalende opmerkings of rassistiese grappe nie. Help eerder mekaar en staan mekaar by sonder om voorskriftelik of meerderwaardig te wees.

Assesseringsopdragte

1. Kan jy iemand in 'n ander taal as Afrikaans groet? In watter tale kan jy nog mense groet?
2. Wat kan ons doen om konflik met ander bevolkingsgroepe te vermy?
3. Wat is ons roeping teenoor mense van ander bevolkingsgroepe?